*(c)* give the *school* in question, and its *governing body*, and any other interested persons, an opportunity to make representations within a period of not less than 90 days from the date of the notices and communication referred to in paragraph *(b)*;

*(d)* give due consideration to any such representations received; and

*(e)* be satisfied that the employers of staff at the *public school* have complied with their obligations in terms of the applicable labour law.''.

**Amendment of section 12A of Act 84 of 1996, as inserted by section 8 of Act 48 of 1999**

**13.** Section 12A of the South African Schools Act, 1996, is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

''(2) Before merging two or more *public schools*, the *Member of the Executive Council* must—

*(a)* give written notice to the *schools* in question, and to their *governing bodies*, of the intention to merge them and of the reasons therefor;

*(b)* **[publish a notice giving the reasons for the proposed merger in one or more newspapers circulating in the area where the *schools* in question are situated]** notify the *parents* associated with the *schools*, and the communities in which the *schools* are situated, of the intention to merge the *schools* and of the reasons therefor—

(i) by means of a notice in at least one newspaper circulating in the area where the *schools* in question are situated, if any newspapers circulate in that area; and

(ii) by causing the *principals* of the *schools* in question to—

*(aa)* hand to every *learner* at each *school* a notice containing the relevant information; and

*(bb)* instruct the *learners* to hand the notice to their *parents*; and

(iii) by means of any other acceptable form of communication that will ensure that the information is spread as widely as possible;

*(c)* give the **[*governing bodies* of the]** *schools* in question, and their *governing bodies*, and any other interested persons an opportunity to make representations within a period of not less than 90 days from the date of the **[notice]** notices and communication referred to in paragraph *(b)*;

*(d)* **[consider]** give due consideration to any such representations received; and

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



beoog in subartikel (3B), skriftelik as 'n *skool* met 'n gespesialiseerde fokus op talent soos beoog in subartikel (3)*(a)*(iii) aanwys, indien dit in die belang van onderwys in die provinsie is en indien die *skool* voldoen aan die norme en standaarde ingevolge subartikel (3)*(b)* deur die Minister bepaal.

(3D) Voordat 'n *openbare skool* as 'n *skool* met 'n gespesialiseerde fokus op talent aangewys word, moet die *Lid van die Uitvoerende Raad*—

*(a)* skriftelik aan die betrokke *skool* en aan daardie *skool* se *beheerliggaam* kennis gee van die voorneme om die *openbare skool* aan te wys as 'n *skool* met 'n gespesialiseerde fokus op talent en van die redes daarvoor;

*(b)* die *ouers* verbonde aan die betrokke *skool*, en die gemeenskap waarin die *skool* geleë is, in kennis stel van die voorneme om die *openbare skool* aan te wys as 'n *skool* met 'n gespesialiseerde fokus op talent en die redes daarvoor—

(i) by wyse van 'n kennisgewing in ten minste een koerant wat sirkuleer in die gebied waar die betrokke *skool* geleë is, indien enige koerante in daardie gebied sirkuleer;

(ii) deur die betrokke *skool* se *prinsipaal*—

*(aa)* 'n kennisgewing wat die tersaaklike inligting bevat aan elke *leerder* by die *skool* te laat oorhandig; en

*(bb)* die *leerders* te laat opdrag gee om die kennisgewing aan hulle *ouers* te oorhandig; en

(iii) by wyse van enige ander aanvaarbare vorm van kommunikasie wat sal verseker dat die inligting so wyd as moontlik versprei word;

*(c)* die betrokke *skool*, en sy *beheerliggaam*, en enige ander belangstellende persone, 'n geleentheid gun om vertoë te rig binne 'n tydperk van hoogstens 90 dae vanaf die datum van die kennisgewings en kommunikasie in paragraaf *(b)* bedoel;

*(d)* enige vertoë wat aldus ontvang is, deeglik oorweeg; en

*(e)* oortuig wees dat die werkgewers van personeel by die *openbare skool* hul verpligtinge ingevolge die toepaslike arbeidsreg nagekom het.''.

**Wysiging van artikel 12A van Wet 84 van 1996, soos ingevoeg deur artikel 8 van Wet 48 van 1999**

**13.** Artikel 12A van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

''(2) Alvorens twee of meer *openbare skole* saamgesmelt word, moet die *Lid van die Uitvoerende Raad*—

*(a)* aan die betrokke *skole*, en aan hul *beheerliggame*, skriftelik kennis gee van die beoogde samesmelting en van die redes daarvoor;

*(b)* **['n kennisgewing met uiteensetting van die redes vir die beoogde samesmelting publiseer in een of meer koerante wat in die gebied sirkuleer waarin die betrokke *skole* geleë is;]** die *ouers* verbonde aan die skole, en die gemeenskappe waarin die *skole* geleë is, in kennis stel van die voorneme om die *skole* saam te smelt en die redes daarvoor—

(i) by wyse van 'n kennisgewing in ten minste een koerant wat in die gebied sirkuleer waar die betrokke skole geleë is, indien enige koerante in daardie gebied sirkuleer; en

(ii) deur die betrokke *skole* se prinsipale—

*(aa)* 'n kennisgewing wat die tersaaklike inligting bevat aan elke *leerder* by die *skool* te laat oorhandig; en

*(bb)* die *leerders* te laat opdrag gee om die kennisgewing aan hulle *ouers* te oorhandig; en

(iii) by wyse van enige ander aanvaarbare vorm van kommunikasie wat sal verseker dat die inligting so wyd as moontlik versprei word;

*(c)* die **[*beheerliggame* van die]** betrokke *skole*, en hul *beheerliggame*, en enige ander belanghebbendes die geleentheid bied om binne 'n tydperk van minstens 90 dae na die datum van die **[kennisgewing]** kennisgewings en kommunikasie in paragraaf *(b)* bedoel, vertoë te rig;

*(d)* **[die]** oorweging skenk aan enige sodanige vertoë **[oorweeg]** wat ontvang is; en

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



*(e)* be satisfied that the employers of staff at the *public schools* have complied with their obligations in terms of the applicable labour law.'';

*(b)* by the insertion after subsection (2) of the following subsection:

''(2A)*(a)* The *Member of the Executive Council* must, within 30 days after receiving the representations referred to in subsection (2)*(c)*, take a decision on whether or not to go ahead with the merger, and—

(i) in writing, inform the *schools* in question, and their *governing bodies*, of the decision; and

(ii) by means of the methods listed in subsection (2)*(b)*, notify the *parents* associated with the *schools*, and the communities in which the *schools* are situated, of the decision.

*(b)* If the *Member of the Executive Council* fails to act in terms of paragraph *(a)*, the contemplated merger will be deemed to have lapsed.

*(c)* If the decision of the *Member of the Executive Council* is to go ahead with the merger, he or she must ensure that the merger is proceeded with within 30 days after giving notice as contemplated in paragraph *(a)*.'';

*(c)* by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

''(4)*(a)* If the *Member of the Executive Council* decides to merge the *public schools* in question, he or she must, after consultation with the *governing bodies* of the *public schools* that are to be merged, determine, by notice contemplated in subsection (1)—

(i) the date of establishment of the *public school*;

(ii) the name of the *public school*; and

(iii) the physical location and official address of the *public school*.

*(b)* The single *school* contemplated in subsection (1) must be regarded as a new *public school*.'';

*(d)* by the substitution for subsection (6) of the following subsection:

''(6)*(a)* **[The]** After the notice as contemplated in subsection (4)*(a)* has been published, the *governing bodies* of the *schools* that are to be merged must have a meeting **[before the merger]** to constitute a single interim *governing body* comprising **[of]** all the members of the *governing bodies* concerned, which single interim *governing body* will govern the new *school* for a period not exceeding three months.

*(b)* The interim *governing body* must—

(i) elect office bearers;

(ii) decide on the budget **[and]**;

(iii) reach consensus about differences in codes of conduct and *school fees***[,]** and, if applicable, about contractual obligations and the utilisation and disposal of movable assets; and

(iv) make recommendations to the *Head of Department* on personnel matters, as well as on any issue that is relevant to the merger or which is prescribed in terms of *this Act*,

until a new *governing body* is constituted in terms of sections 23 and 28.

*(c)* The *Member of the Executive Council* may extend the period referred to in paragraph *(a)* once for a further period not exceeding three months.''; and

*(e)* by the addition of the following subsections:

''(8) A merger contemplated in subsection (1) does not affect the liability of any person to be disciplined or prosecuted for any misconduct, crime or offence.

(9) A *learner* is subject to the code of conduct applicable to the new single *public school* as from the date of the merger contemplated in subsection (1), but if any proceedings in respect of a charge of misconduct had been instituted or commenced before the date of the merger, such proceedings must continue in terms of the code of conduct relevant to the *public school* immediately before the merger.

(10) The new single *public school* or the *Head of Department*, as the case may be, may undertake rationalisation or redeployment of its

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



*(e)* tevrede wees dat die werkgewers van personeel by die *openbare skole* hulle verpligtings ingevolge die toepaslike arbeidswetgewing nagekom het.'';

*(b)* deur die volgende subartikel na subartikel (2) in te voeg:

''(2A)*(a)* Die *Lid van die Uitvoerende Raad* moet, binne 30 dae ná ontvangs van die vertoë in subartikel (2)*(c)* bedoel, 'n besluit neem oor hetsy met die samesmelting voortgegaan moet word of nie, en—

(i) die betrokke *skole*, en hul *beheerliggame*, skriftelik van die besluit inlig; en

(ii) by wyse van die metodes in subartikel (2)*(b)* vermeld, die *ouers* verbonde aan die *skole*, en die gemeenskappe waarin die *skole* geleë is, van die besluit in kennis stel.

*(b)* Indien die *Lid van die Uitvoerende Raad* versuim om ingevolge paragraaf *(a)* te handel, sal die voorgenome samesmelting as verstreke beskou word.

*(c)* Indien die *Lid van die Uitvoerende Raad* besluit om met die samesmelting voort te gaan, moet hy of sy verseker dat binne 30 dae nadat kennisgewing soos in paragraaf *(a)* beoog, gegee is, met die samesmelting voortgegaan word.'';

*(c)* deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

''(4)*(a)* As die *Lid van die Uitvoerende Raad* besluit om die betrokke *openbare skole* saam te smelt, moet hy of sy, ná oorleg met die *beheerliggame* van die *openbare skole* wat gaan saamsmelt, by kennisgewing in subartikel (1) beoog—

(i) die datum van instelling van die *openbare skool*;

(ii) die naam van die *openbare skool*; en

(iii) die fisiese ligging en amptelike adres van die *openbare skool*, vasstel.

*(b)* Die enkele *skool* in subartikel (1) beoog, moet as 'n *openbare skool* beskou word.'';

*(d)* deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:

''(6)*(a)* **[Die]** Nadat die kennisgewing soos beoog in subartikel (4)*(a)* gepubliseer is, moet die *beheerliggame* van die *skole* wat saamgesmelt word, **[moet]** 'n vergadering **[voor die samesmelting]** hou om 'n enkele interim *beheerliggaam*, bestaande uit al die lede van die betrokke *beheerliggame*, saam te stel, welke enkele interim *beheerliggaam* die nuwe *skool* vir 'n tydperk van hoogstens drie maande sal beheer.

*(b)* Die interim *beheerliggaam* moet—

(i) ampsdraers verkies;

(ii) besluit oor die begroting **[en]**;

(iii) konsensus bereik oor verskille in gedragskodes en skoolgelde**[,]** en, indien van toepassing, oor kontraktuele verpligtinge en die gebruik van en beskikking oor roerende bates; en

(iv) by die *Departementshoof* aanbevelings doen oor personeelaangeleenthede, asook oor enige aangeleentheid wat relevant is tot die samesmelting of wat ingevolge *hierdie Wet* voorgeskryf word,

totdat 'n nuwe *beheerliggaam* ingevolge artikels 23 en 28 saamgestel is.

*(c)* Die *Lid van die Uitvoerende Raad* kan die tydperk in paragraaf *(a)* bedoel een keer met 'n verdere tydperk van hoogstens drie maande verleng.''; en

*(e)* deur die volgende subartikels by te voeg:

''(8) 'n Samesmelting in subartikel (1) beoog, raak nie die aanspreeklikheid van enige persoon om gedissiplineer of vervolg te word vir enige wangedrag, misdaad of misdryf nie.

(9) 'n *Leerder* is onderhewig aan die gedragskode van toepassing op die nuwe, enkele *openbare skool* met ingang van die datum van die samesmelting in subartikel (1) beoog, maar indien enige verrigtinge ten opsigte van 'n aanklag van wangedrag ingestel is of begin het voor die datum van die samesmelting, moet sodanige verrigtinge voortgaan ingevolge die gedragskode wat onmiddellik voor die samesmelting vir die *openbare skool* gegeld het.

(10) Die nuwe enkele *openbare skool* of die *Departementshoof*, na gelang van die geval, kan rasionalisering of herontplooiing van die

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



workforce according to operational requirements in accordance with sections 189 and 189A of the Labour Relations Act, 1995 (Act No. 66 of 1995), the Employment of Educators Act, 1998 (Act No. 76 of 1998), and any ratified collective agreement that deals with the rationalisation or redeployment of a workforce.

(11) If two or more *public schools* are merged into a single *public school* in terms of subsection (1), the new single *public school* continues with all academic programmes offered by the former *public schools* under the programmes applicable to the respective *public schools* immediately before the date of the merger, until such programmes are amended or restructured by the *governing body* or education department, where applicable.''.

**Amendment of section 21 of Act 84 of 1996, as amended by section 10 of Act 48 of 1999**

**14.** Section 21 of the South African Schools Act, 1996, is hereby amended by the insertion after subsection (3) of the following subsection:

''(3A) Notwithstanding the provisions of subsections (1)*(c)* and (3) and section 22, the *Head of Department* may, in consultation with the *governing body*, centrally procure identified learning and teaching support material for *public schools* on the basis of efficient, effective and economic utilisation of public funds or uniform norms and standards: Provided that the *governing body*—

*(a)* may, subject to paragraph *(b)*, procure identified learning and teaching support material from a supplier where such procurement will be more cost effective than the central procurement of such material by the *Head of Department*; and

*(b)* must provide the *Head of Department* with documentary proof that the procurement of the identified learning and teaching support material from the supplier referred to in paragraph *(a)* will be more cost effective than the central procurement thereof by the *Head of Department*.''.

**Substitution of section 22 of Act 84 of 1996**

**15.** The following section is hereby substituted for section 22 of the South African Schools Act, 1996:

''**Withdrawal of functions [from] of governing [bodies] body**

**22.** (1) The *Head of Department* may, on reasonable grounds, withdraw **[a function]** one or more functions of a *governing body*.

(2) The *Head of Department* may not take action **[under]** in terms of subsection (1) unless he or she has—

*(a)* in writing, informed the *governing body* of his or her intention so to act and the reasons therefor;

*(b)* granted the *governing body* a reasonable opportunity to make representations to him or her relating to such intention; **[and]**

*(c)* given due consideration to any such representations received; and

*(d)* informed the *governing body* of his or her final decision, in writing.

(3) In cases of urgency, the *Head of Department* may act in terms of subsection (1) without prior communication to such *governing body*, if the *Head of Department* immediately thereafter—

*(a)* furnishes the *governing body* with written reasons for his or her actions;

*(b)* **[gives]** grants the *governing body* a reasonable opportunity to make representations to him or her relating to such actions; **[and]**

*(c)* duly considers any such representations received; and

*(d)* informs the *governing body* of his or her final decision, in writing.

(4) The *Head of Department* may for sufficient reasons reverse or suspend his or her action in terms of subsection (1) or (3).

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



werksmag onderneem ooreenkomstig bedryfsvereistes ooreenkomstig artikels 189 en 189A van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet No. 66 van 1995), die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet No. 76 van 1998), en enige bekragtigde kollektiewe ooreenkoms wat oor die rasionalisering of herontplooiing van 'n werksmag handel.

(11) Indien twee of meer *openbare skole* ingevolge subartikel (1) in 'n enkele *openbare skool* saamgesmelt word, gaan die nuwe enkele *openbare skool* voort met alle akademiese programme wat deur die voormalige *openbare skole* aangebied is kragtens die programme wat van toepassing is op die onderskeie *openbare skole* onmiddellik voor die datum van die samesmelting, totdat sodanige programme gewysig of herstruktureer word deur die *beheerliggaam* of onderwysdepartement, waar van toepassing.''.

**Wysiging van artikel 21 van Wet 84 van 1996, soos gewysig deur artikel 10 van Wet 48 van 1999**

**14.** Artikel 21 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, word hierby gewysig deur die volgende subartikel na subartikel (3) in te voeg:

''(3A) Ongeag die bepalings van subartikels (1)*(c)* en (3) en artikel 22, kan die *Departementshoof*, in oorleg met die *beheerliggaam*, geïdentifiseerde leer- en onderrigondersteuningsmateriaal vir *openbare skole* sentraal verkry op grond van doeltreffende, effektiewe en ekonomiese benutting van openbare fondse of gelykvormige norme en standaarde: Met dien verstande dat die *beheerliggaam*—

*(a)* behoudens paragraaf *(b)*, geïdentifiseerde leer- en onderrigondersteuningsmateriaal kan verkry van 'n verskaffer waar sodanige verkryging meer koste-doeltreffend sal wees as die sentrale verkryging van sodanige materiaal deur die *Departementshoof*; en

*(b)* moet die *Departementshoof* voorsien van dokumentêre bewys dat die verkryging van die geïdentifiseerde leer- en onderrigondersteuningsmateriaal van die verskaffer in paragraaf *(a)* bedoel, meer koste-doeltreffend as die sentrale verkryging daarvan deur die *Departementshoof* sal wees.''.

**Vervanging van artikel 22 van Wet 84 van 1996**

**15.** Artikel 22 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, word hierby deur die volgende artikel vervang:

''**Terugtrekking van werksaamhede van [beheerliggame] beheerliggaam**

**22.** (1) Die *Departementshoof* kan, op redelike gronde, **['n werksaamheid]** een of meer werksaamhede van 'n *beheerliggaam* intrek.

(2) Die *Departementshoof* kan nie ingevolge subartikel (1) optree nie, tensy hy of sy—

*(a)* die *beheerliggaam* skriftelik in kennis gestel het van sy of haar voorneme om op hierdie wyse op te tree en die redes daarvoor;

*(b)* aan die *beheerliggaam* 'n redelike geleentheid gebied het om vertoë tot hom of haar te rig in verband met sodanige voorneme; **[en]**

*(c)* enige sodanige vertoë wat ontvang is, behoorlik oorweeg het; en

*(d)* die *beheerliggaam* skriftelik ingelig het van sy of haar finale besluit.

(3) In dringende gevalle kan die *Departementshoof* ingevolge subartikel (1) optree sonder vooraf skakeling met sodanige *beheerliggaam*, indien die *Departementshoof* onmiddellik daarna—

*(a)* aan die *beheerliggaam* skriftelik redes vir sy of haar optrede verstrek;

*(b)* aan die *beheerliggaam* 'n redelike geleentheid **[bied]** gun om vertoë in verband met sodanige optrede te rig; **[en]**

*(c)* enige sodanige vertoë wat ontvang word, behoorlik oorweeg; en

*(d)* die *beheerliggaam* skriftelik van sy of haar finale besluit inlig.

(4) Die *Departementshoof* kan, met afdoende redes, sy of haar optrede ingevolge subartikel (1) of (3) herroep of opskort.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(5) **[Any person aggrieved by a decision of]** If the *Head of Department* acts in terms of **[this section may appeal against the decision to the *Member of the Executive Council*]** subsection (1) or (3), he or she must appoint sufficiently qualified persons to perform the withdrawn function or functions, as the case may be, for a period not exceeding three months.

(6) The *Head of Department* may extend the period referred to in subsection (5) by further periods not exceeding three months each, but the total period may not exceed one year.

(7) The persons contemplated in subsection (5) must, within the period of their appointment, build the necessary capacity to ensure that the *governing body* will thereafter be able to perform the functions that it previously failed to perform.

(8) The persons contemplated in subsection (5) shall have exclusive voting rights and decision making powers on any function that they have been appointed to perform.

(9) Any person aggrieved by a decision of the *Head of Department* in terms of this section may appeal against the decision to the *Member of the Executive Council*, and the *Member of the Executive Council* must communicate his or her decision to the aggrieved person within 30 days after receiving the appeal and must provide written reasons for his or her decision.''.

**Amendment of section 23 of Act 84 of 1996, as amended by section 11 of Act 48 of 1999**

**16.** Section 23 of the South African Schools Act, 1996, is hereby amended—
by the substitution for subsection (6) of the following subsection:

''(6) A *governing body* may co-opt a member or members of the community, or persons from outside the community, with the relevant expertise, to assist it in discharging its functions.''.

**Amendment of section 24 of Act 84 of 1996, as amended by section 7 of Act 100 of 1997**

**17.** Section 24 of the South African Schools Act, 1996, is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

''(2) Subject to *this Act*, the **[*Member of the Executive Council*]** *Minister* must, by notice in the **[Provincial]** *Gazette*, determine the number of members in each category referred to in subsection (1) and the manner of election or appointment of such members at every *public school* for *learners* with special education needs **[within his or her province]**.''; and

*(b)* by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

''(4) The **[*Member of the Executive Council*]** *Minister* must consider all such submissions, and thereafter may alter the notice contemplated in subsection (2).''.

**Insertion of section 24A in Act 84 of 1996**

**18.** The following section is hereby inserted in the South African Schools Act, 1996, after section 24:

''**Membership of governing body of public school with specialised focus on talent, including sport, performing arts or creative arts**

**24A.** (1) The provisions of section 23, excluding subsection (5), will apply to a *governing body* of a *public school* that provides education with a specialised focus on talent, including sport, performing arts or creative arts, as contemplated in section 12(3)*(a)*(iii).

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(5) **[Enige persoon wat veronreg voel deur ’n besluit van]** Indien die *Departementshoof* ingevolge **[hierdie artikel kan teen die besluit appèl aanteken by die** *Lid van die Uitvoerende Raad*] subartikel (1) of (3) optree, moet hy of sy persone met gepaste kwalifikasies aanstel om die ingetrekte werksaamheid of werksaamhede, na gelang van die geval, te verrig vir ’n tydperk van hoogstens drie maande.

(6) Die *Departementshoof* kan die tydperk in subartikel (5) bedoel met verdere tydperke van hoogstens drie maande elk verleng, maar die totale tydperk mag nie een jaar oorskry nie.

(7) Die persone beoog in subartikel (5), moet binne die tydperk van hul aanstelling, die nodige kapasiteit bou om te verseker dat die *beheerliggaam* daarna die werksaamhede sal kan verrig wat hulle voorheen versuim het om te verrig.

(8) Die persone in subartikel (5) beoog, het uitsluitlike stemregte en besluitnemingsbevoegdhede oor enige werksaamheid wat hulle aangestel is om te verrig.

(9) Enige persoon wat te na gekom voel deur ’n besluit van die *Departementshoof* ingevolge hierdie artikel, kan teen die besluit appèl aanteken by die *Lid van die Uitvoerende Raad*, en die *Lid van die Uitvoerende Raad* moet sy of haar besluit aan die te na gekome persoon oordra binne 30 dae ná ontvangs van die appèl en moet skriftelike redes vir sy of haar besluit verstrek.”.

**Wysiging van artikel 23 van Wet 84 van 1996, soos gewysig deur artikel 11 van Wet 48 van 1999**

**16.** Artikel 23 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, word hierby gewysig deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:

“(6) ’n *Beheerliggaam* kan ’n lid of lede van die gemeenskap, of persone van buite die gemeenskap, met die toepaslike kundigheid, koöpteer om behulpsaam te wees met die verrigting van sy werksaamhede”.

**Wysiging van artikel 24 van Wet 84 van 1996, soos gewysig deur artikel 7 van Wet 100 van 1997**

**17.** Artikel 24 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

“(2) Behoudens *hierdie Wet*, bepaal die **[*Lid van die Uitvoerende Raad*]** *Minister* by kennisgewing in die **[Provinsiale Koerant]** *Staatskoerant* die getal lede in elke kategorie waarna verwys word in subartikel (1) en die wyse van verkiesing of aanstelling van sodanige lede by elke *openbare skool* vir *leerders* met spesiale onderwysbehoeftes **[in sy of haar provinsie]**.”; en

*(b)* deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

“(4) Die **[*Lid van die Uitvoerende Raad*]** *Minister* moet alle sodanige vertoë oorweeg, en kan daarna die kennisgewing beoog in subartikel (2) wysig.”.

**Invoeging van artikel 24A in Wet 84 van 1996**

**18.** Die volgende artikel word hierby na artikel 24 in die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, ingevoeg:

“**Lidmaatskap van beheerliggaam van openbare skole met gespesialiseerde fokus op talent, met inbegrip van sport, uitvoerende kunste of beeldende kunste**

**24A.** (1) Die bepalings van artikel 23, subartikel (5) uitgesluit, is van toepassing op ’n *beheerliggaam* van ’n *openbare skool* wat onderrig met ’n gespesialiseerde fokus op talent voorsien, met inbegrip van sport, uitvoerende kunste of beeldende kunste, soos in artikel 12(3)*(a)*(iii) beoog.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(2) The authority to co-opt a member or members of the community as contemplated in section 23(6) includes the authority to co-opt relevant experts in the specialised focus of the *public school*, whether from inside or outside the community.''.

**Substitution of section 25 of Act 84 of 1996, as amended by section 4 of Act 57 of 2001**

**19.** The following section is hereby substituted for section 25 of the South African Schools Act, 1996:

''**Dissolution of governing body**

**25.** (1) The *Head of Department* may, on reasonable grounds, dissolve a *governing body* that has ceased to perform its functions in terms of *this Act* or any provincial law.

(2) If the *Head of Department* acts in terms of subsection (1), he or she must appoint sufficiently qualified persons to perform all the functions of the *governing body* for a period not exceeding three months.

(3) The *Head of Department* may extend the period referred to in subsection (2) by further periods not exceeding three months each, but the total period may not exceed one year.

(4) The persons contemplated in subsection (2) shall have exclusive voting rights and decision making powers on all the functions of the *governing body*.

(5) The *Head of Department* may not take action in terms of subsection (1) unless he or she has—

*(a)* in writing, informed the *governing body* of his or her intention so to act and the reasons therefor;

*(b)* granted the *governing body* a reasonable opportunity to make representations to him or her relating to such intention;

*(c)* given due consideration to any such representations received; and

*(d)* informed the *governing body* of his or her final decision, in writing.

(6) If the *Head of Department* has dissolved a *governing body* as contemplated in subsection (1), he or she must ensure that a new *governing body* is elected in terms of *this Act*, within a year after the appointment of the persons contemplated in subsection (2).

(7) Any person aggrieved by a decision of the *Head of Department* in terms of this section may appeal against the decision to the *Member of the Executive Council*, and the *Member of the Executive Council* must communicate his or her decision to the aggrieved person within 14 days after receiving the appeal and must provide written reasons for his or her decision.''.

**Substitution of section 26 of Act 84 of 1996**

**20.** The following section is hereby substituted for section 26 of the South African Schools Act, 1996:

''**Recusal by member of governing body**

**26.** (1) Before a *governing body* discusses, or decides on, the recruitment or employment of staff, or the procurement of goods and services for a *public school*, a member must declare to the *governing body* any direct or indirect personal and financial interest that the member or any of his or her family members or close friends or business partners has, including—

*(a)* a personal interest—

(i) in an entity conducting business with the *school*; or

(ii) in a business or a commercial or financial activity undertaken by the *governing body* of the *school*;

*(b)* a financial or other obligation to an entity conducting business with the *school*; and

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(2) Die gesag om 'n lid of lede van die gemeenskap te koöpteer soos in artikel 23(6) beoog, sluit die gesag in om tersaaklike kundiges in die gespesialiseerde fokus van die *openbare skool* te koöpteer, hetsy van binne of buite die gemeenskap.''.

**Vervanging van artikel 25 van Wet 84 van 1996, soos gewysig deur artikel 4 van Wet 57 van 2001**

**19.** Artikel 25 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, word hierby deur die volgende artikel vervang:

''**Ontbinding van beheerliggaam**

**25.** (1) Die *Departementshoof* kan, met redelike gronde, 'n *beheerliggaam* ontbind wat opgehou het om hul werksaamhede ingevolge *hierdie Wet* of enige provinsiale wet te verrig.

(2) Indien die *Departementshoof* ingevolge subartikel (1) optree, moet hy of sy persone met voldoende kwalifikasies aanstel om al die werksaamhede van die *beheerliggaam* vir 'n tydperk van hoogstens drie maande te verrig.

(3) Die *Departementshoof* kan die tydperk in subartikel (2) bedoel, verleng met tydperke van hoogstens drie maande elk, maar die totale tydperk mag nie een jaar oorskry nie.

(4) Die persone in subartikel (2) beoog, het eksklusiewe stemregte en besluitnemingsmagte oor al die werksaamhede van die *beheerliggaam*.

(5) Die *Departementshoof* mag nie stappe ingevolge subartikel (1) doen nie, tensy hy of sy—

*(a)* die *beheerliggaam* skriftelik van sy of haar voorneme om dit te doen, in kennis gestel het;
*(b)* die *beheerliggaam* 'n redelike geleentheid gegun het om vertoë oor sodanige voorneme aan hom of haar te rig;
*(c)* die vertoë wat ontvang is, behoorlik oorweeg het; en
*(d)* die *beheerliggaam* skriftelik van sy of haar finale besluit ingelig het.

(6) Indien die *Departementshoof* 'n *beheerliggaam* ontbind het soos in subartikel (1) beoog, moet hy of sy verseker dat 'n nuwe *beheerliggaam* ingevolge *hierdie Wet* verkies word binne 'n jaar nadat die persone beoog in subartikel (2), aangestel is.

(7) Enige persoon wat te na gekom voel deur 'n besluit van die *Departementshoof* ingevolge hierdie artikel kan teen die besluit appèl aanteken by die *Lid van die Uitvoerende Raad*, en die *Lid van die Uitvoerende Raad* moet sy of haar besluit binne 14 dae ná ontvangs van die appèl oordra en moet skriftelike redes vir sy of haar besluit voorsien.''.

**Vervanging van artikel 26 van Wet 84 van 1996**

**20.** Artikel 26 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, word hierby deur die volgende artikel vervang:

''**Onttrekking deur lid van beheerliggaam**

**26.** (1) Voordat 'n *beheerliggaam* die werwing of indiensneming van personeel, of die verkryging van goedere en dienste vir 'n *openbare skool*, bespreek of daaroor besluit, moet 'n lid enige regstreekse of onregstreekse belang wat die lid of enige van sy of haar familielede of nabye vriende of sakevennote het, met inbegrip van—

*(a)* 'n persoonlike belang—
  (i) in 'n entiteit wat met die *skool* sake doen; of
  (ii) in 'n besigheid of 'n kommersiële of finansiële aktiwiteit wat deur die *beheerliggaam* van die *skool* onderneem word;
*(b)* 'n finansiële of ander verpligting aan 'n entiteit wat met die *skool* sake doen; en

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



*(c)* a gift, hospitality, sponsorship or other benefit received from an entity conducting business with the *school*.

(2) Any person may in writing inform the chairperson of a *governing body* or the *principal* of a *school* of a possible conflict of interest concerning a *governing body* member.

(3) A *governing body* member must recuse himself or herself and withdraw from a meeting of the *governing body* for the duration of the discussion and decision-making on an issue in which the member has a personal or financial interest as contemplated in subsection (1).

(4) If a *governing body* has knowledge that a member who is present has a personal interest in a matter, the *governing body* may not take a decision on that matter until the member has withdrawn as contemplated in subsection (3).

(5) Where a *governing body* member contravenes the provisions of this section, the *Head of Department* may, after due process as contemplated in the code of conduct for the members of the *governing body*—

*(a)* suspend the *governing body* member; or

*(b)* terminate the membership of the *governing body* member.

(6) This section applies, with the necessary changes, to committees of a *governing body* and committee members.

(7) For the purposes of this section, family member means a parent, sister, brother, child or a spouse of a member of the *governing body*, and includes—

*(a)* a person living with that member as if they were married to each other, namely a life partner;

*(b)* a relative who resides permanently with that member; and

*(c)* any other relative who is dependent on such member.''.

**Amendment of section 27 of Act 84 of 1996**

**21.** Section 27 of the South African Schools Act, 1996, is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

''(2) No member of a *governing body* may be remunerated in any way for the performance of his or her duties or for the attendance of meetings and *school activities*.''.

**Amendment of section 28 of Act 84 of 1996**

**22.** Section 28 of the South African Schools Act, 1996, is hereby amended by the substitution for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

''Subject to *this Act*, **[and any applicable provincial law, the *Member of the Executive Council*]** the *Minister* must, by notice in the **[Provincial]** *Gazette*, determine—''.

**Amendment of section 29 of Act 84 of 1996, as amended by section 12 of Act 48 of 1999**

**23.** Section 29 of the South African Schools Act, 1996, is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

''(2)*(a)* Only a *parent* member of a *governing body* who is not employed at the *public school* may serve as the chairperson of the *governing body*.

*(b)* Where reasonably practicable, only a *parent* member of a *governing body* who is not employed at the *public school* may serve as the chairperson of the finance committee of that *public school*.''.

**Amendment of section 32 of Act 84 of 1996**

**24.** Section 32 of the South African Schools Act, 1996 is hereby amended—

*(a)* by the substitution for the heading of the following heading:

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



*(c)* 'n geskenk, gasvryheid, borgskap of ander voordeel wat ontvang is van 'n entiteit wat met die *skool* sake doen,

aan die *beheerliggaam* openbaarmaak.

(2) Enige persoon kan die voorsitter van 'n *beheerliggaam* of die *prinsipaal* van 'n *skool* skriftelik inlig van 'n moontlike botsing van belange rakende 'n lid van 'n *beheerliggaam*.

(3) 'n Beheerliggaamlid moet homself of haarself onttrek en 'n vergadering van die *beheerliggaam* verlaat vir die duur van die bespreking en besluitneming oor 'n kwessie waarin die lid 'n persoonlike of finansiële belang het soos in subartikel (1) beoog.

(4) Indien 'n *beheerliggaam* kennis dra dat 'n lid wat teenwoordig is 'n persoonlike belang in 'n aangeleentheid het, kan die *beheerliggaam* nie 'n besluit oor daardie aangeleentheid neem nie totdat die lid onttrek het soos in subartikel (3) beoog.

(5) Waar 'n beheerliggaamlid die bepalings van hierdie artikel oortree, kan die *Departementshoof*, ná behoorlike proses soos beoog in die gedragskode vir die lede van die *beheerliggaam*—

*(a)* die beheerliggaamlid skors; of

*(b)* die lidmaatskap van die beheerliggaamlid beëindig.

(6) Hierdie artikel is van toepassing, met die nodige veranderinge, op komitees van 'n *beheerliggaam* en komiteelede.

(7) By die toepassing van hierdie artikel, beteken 'familielid' 'n *ouer*, suster, broer, kind of 'n gade van 'n beheerliggaamlid, en sluit in—

*(a)* 'n persoon wat saam met daardie lid bly asof hulle met mekaar getroud is, naamlik 'n lewensmaat;

*(b)* 'n bloedverwant wat permanent by daardie lid bly; en

*(c)* enige ander bloedverwant wat van sodanige lid afhanklik is.".

**Wysiging van artikel 27 van Wet 84 van 1996**

**21.** Artikel 27 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Geen lid van 'n *beheerliggaam* mag op enige wyse vergoed word deur die *beheerliggaam* vir die uitvoering van sy of haar pligte of vir die bywoning van vergaderings en skoolaktiwiteite nie.".

**Wysiging van artikel 28 van Wet 84 van 1996**

**22.** Artikel 28 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, word hierby gewysig deur die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Behoudens *hierdie Wet* **[en enige toepaslike provinsiale wet,]** bepaal die **[*Lid van die Uitvoerende Raad*]** *Minister* by kennisgewing in die **[Provinsiale Koerant]** *Staatskoerant*—".

**Wysiging van artikel 29 van Wet 84 van 1996, soos gewysig deur artikel 12 van Wet 48 van 1999**

**23.** Artikel 29 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2)*(a)* Slegs 'n ouerlid van 'n *beheerliggaam* wat nie by die *openbare skool* werksaam is nie mag as die voorsitter van die *beheerliggaam* dien.

*(b)* Waar redelik moontlik, mag slegs 'n ouerlid van 'n *beheerliggaam* wat nie by die *openbare skool* werksaam is nie as die voorsitter van die finansieskomitee van daardie *openbare skool* dien.".

**Wysiging van artikel 32 van Wet 84 van 1996**

**24.** Artikel 32 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, word hierby gewysig—

*(a)* deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



"**Status of [minors] learners on governing bodies of public schools**";

*(b)* by the substitution for subsections (1), (2) and (3) of the following subsections:

"(1) A member of a *governing body* who is a **[minor]** *learner* may not contract on behalf of a *public school*.

(2) A member of a *governing body* who is a **[minor]** *learner* may not vote on resolutions of a *governing body* which impose liabilities on third parties or on the *school*.

(3) A member of a *governing body* who is a **[minor]** *learner* incurs no personal liability for any consequence of his or her membership of the *governing body*."; and

*(c)* by the addition of the following subsection:

"(4) A member of a *governing body* who is a *learner* may not take part in meetings at which recommendations for the appointment of staff to the *school* are decided on, or form part of interview panels relating to the appointment of staff, whether *educators* or non-educators, or in any other way be involved in the appointment of staff to the *school*.".

**Substitution of section 33 of Act 84 of 1996**

**25.** The following section is hereby substituted for section 33 of the South African Schools Act, 1996:

"**Closure of public schools**

**33.** (1) The *Member of the Executive Council* may, by notice in the Provincial *Gazette*, close a *public school*.

(2) The *Member of the Executive Council* may not act **[under]** in terms of subsection (1) unless he or she has—

*(a)* in writing informed the *school* and the *governing body* **[of the *school*]** of his or her intention so to act and his or her reasons therefor;

*(b)* **[granted the *governing body of*]** notified the *parents* associated with the *school*, **[a reasonable opportunity to make representations to him or her in relation to such action]** and the community in which the *school* is situated, of his or her intention so to act and the reasons therefor—

(i) by means of a notice in at least one newspaper circulating in the area where the *school* is situated, if any newspapers circulate in that area;

(ii) by causing the *principal* of the *school* to—

*(aa)* hand to every *learner* a notice containing the relevant information; and

*(bb)* instruct the *learners* to hand the notice to their *parents*; and

(iii) by means of any other acceptable form of communication that will ensure that the information is spread as widely as possible;

*(c)* **[conducted a public hearing on reasonable notice, to enable]** granted the *school*, the *governing body*, the *parents* associated with the *school*, and the community in which the *school* is situated a reasonable opportunity to make representations **[to him or her]** in relation to such **[actions]** action; **[and]**

*(d)* conducted a public hearing, on reasonable notice, to enable the community to make representations in relation to such action; and

*(e)* given due consideration to any such representations received.

(3)*(a)* Notwithstanding the provisions of subsection (2), the *Member of the Executive Council* may, by notice in the Provincial *Gazette*, close a *public school* in his or her sole discretion if no *learners* are registered at that *school*.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



"**Status van [minderjarige lede van] leerders op beheerliggame van openbare skole**";

*(b)* deur subartikels (1), (2) en (3) deur die volgende subartikels te vervang:

"(1) 'n Lid van 'n *beheerliggaam* wat 'n **[minderjarige]** *leerder* is, mag nie namens 'n *openbare skool* kontrakteer nie.

(10) Nadat 'n *leerder* wat *tuisonderrig* ontvang het, graad 9 voltooi het of die ouderdom van 15 jaar bereik het, wat ook al eerste plaasvind, kan die *ouer* die *leerder* by 'n *openbare skool* of 'n *onafhanklike skool* inskryf vir die voltooiing van graad 10 tot 12.

(11) Indien die *ouer* van 'n *leerder* bedoel in subartikel (9) wil hê die *leerder* moet uiteindelik die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen aflê, moet sodanige *ouer*, voordat die *leerder* met enige studies ná graad 9 begin, verseker dat die *leerder* voldoen aan die vereistes uiteengesit in regulasie 7(4A) van die Regulasies met betrekking tot die uitvoer, administrasie en bestuur van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen (gepromulgeer in Goewermentskennisgewing R872 in *Staatskoerant* No. 31337 van 29 Augustus 2008), vir 'n *leerder* wat *tuisonderrig* ontvang.

(12) Die *Departementshoof* moet 'n *leerder* se registrasie om *tuisonderrig* te ontvang, kanselleer indien die *Departementshoof*, ná ondersoek, oortuig is dat *tuisonderrig* nie meer in die beste belang van die *leerder* is nie.

(13) Die *Departementshoof* mag nie weier om 'n *leerder* te registreer, soos beoog in subartikel (4), of die registrasie van 'n *leerder*, soos beoog in subartikel (12), kanselleer nie, voordat—

*(a)* die *ouer* skriftelik in kennis gestel is van sy of haar voorneme om aldus op te tree en van die redes daarvoor;

*(b)* die *ouer* 'n redelike geleentheid gegun is om vertoë aan hom of haar te rig, welke geleentheid besprekings met betrekking tot sodanige voorneme moet insluit;

*(c)* behoorlike oorweging geskenk is aan enige sodanige vertoë wat ontvang is; en

*(d)* die *ouer* van skriftelike redes vir sy of haar besluit voorsien.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(14)*(a)* The *parent* of a *learner* may appeal to the *Member of the Executive Council*, within 30 days of receiving notice—

(i) that the *Head of Department* has declined the application to register the *learner* to receive *home education*; or

(ii) that the *Head of Department* has cancelled the *learner's* registration to receive *home education*.

*(b)* If the *parent* of a *learner* is of the opinion that any decision of the *Head of Department* in relation to the *home education* of the *learner* in question is unreasonable, such *parent* may appeal to the *Member of the Executive Council* within 30 days of receiving notice of such decision.

(15) If an appeal contemplated in subsection (14) is received, the *Member of the Executive Council* must, within 30 days of receiving such appeal, consider and decide on the matter and, in writing, inform the *parent* of the outcome of the appeal.

(16) The *Minister* may make regulations relating to registration for, and the administration of, *home education*.".

**Amendment of section 59 of Act 84 of 1996, as amended by section 10 of Act 100 of 1997**

**36.** Section 59 of the South African Schools Act, 1996, is hereby amended—

*(a)* by the substitution for the heading of the following heading:

"**Duty [of schools] to provide information**";

*(b)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) Every *school* must provide such information about the *school* as is reasonably required by the *Head of Department*, or by the Director-General of the **[national]** *Department of Basic Education* in consultation with the *Head of Department*."; and

*(c)* by the addition of the following subsection:

"(3) If, when applying for admission to a *public school* or for exemption from the payment of *school fees*, the *parent* of a *learner*, or any other person—

*(a)* submits or provides information which he or she knows to be false or misleading;

*(b)* submits a document which he or she knows to be forged; or

*(c)* submits a document and claims that it is a true copy of the original when in fact it is not a true copy,

such person is guilty of an offence and liable, upon conviction, to a fine or to imprisonment for a period not exceeding 12 months, or to both a fine and such imprisonment.".

**Insertion of section 59A in Act 84 of 1996**

**37.** The following section is hereby inserted in the South African Schools Act, 1996, after section 59:

"**Dispute resolution**

**59A.** (1) If a dispute arises between the *Head of Department* and a *governing body*, the following procedure must be followed:

*(a)* All attempts must be made by the parties to resolve the dispute informally.

*(b)* If the parties are unable to resolve the dispute informally as referred to in paragraph *(a)*, the following steps must be taken:

(i) The aggrieved party must give the other party written notice of the dispute; and

(ii) such notice must include a description of the issues involved in the dispute and a proposed resolution thereof.

*(c)* If the dispute has not been resolved within 14 days after the issuing of the written notice contemplated in paragraph *(b)*, each party must

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(14)*(a)* Die *ouer* van 'n *leerder* kan by die *Lid van die Uitvoerende Raad* appèl aanteken, binne 30 dae ná ontvangs van kennisgewing—

(i) dat die *Departementshoof* die aansoek om die *leerder* te registreer om *tuisonderrig* te ontvang, afgekeur het; of

(ii) dat die *Departementshoof* die *leerder* se registrasie om *tuisonderrig* te ontvang, gekanselleer het.

*(b)* Indien die ouer van 'n *leerder* van mening is dat enige besluit van die *Departementshoof* met betrekking tot die *tuisonderrig* van die betrokke *leerder* onredelik is, kan sodanige *ouer* binne 30 dae vanaf ontvangs van sodanige besluit by die *Lid van die Uitvoerende Raad* appèl aanteken.

(15) Indien 'n appèl beoog in subartikel (14) ontvang word, moet die *Lid van die Uitvoerende Raad* binne 30 dae ná ontvangs van sodanige appèl die aangeleentheid oorweeg en daaroor besluit en die *ouer* skriftelik inlig oor die uitslag van die appèl.

(16) Die *Minister* kan regulasies uitvaardig met betrekking tot registrasie vir, en die administrasie van, *tuisonderrig*.".

**Wysiging van artikel 59 van Wet 84 van 1996, soos gewysig deur artikel 10 van Wet 100 van 1997**

**36.** Artikel 59 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, word hierby gewysig—

*(a)* deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:

"**Plig [van skole] om inligting te voorsien**";

*(b)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Elke *skool* moet die inligting oor die *skool* wat redelikerwys deur die *Departementshoof* of deur die Direkteur-generaal van die **[nasionale]** *Departement van Basiese Onderwys* in samewerking met die *Departementshoof* vereis word, voorsien."; en

*(c)* deur die volgende subartikel by te voeg:

"(3) Indien, wanneer die *ouer* van 'n *leerder* of enige ander persoon aansoek doen om toelating tot 'n *openbare skool* of om vrystelling van die betaling van skoolgeld—

*(a)* inligting voorlê of verstrek wat hy of sy weet vals of misleidend is;

*(b)* 'n dokument voorlê wat hy of sy weet vervals is; of

*(c)* 'n dokument voorlê en beweer dat dit 'n ware afskrif van die oorspronklike is, terwyl dit in werklikheid nie 'n ware afskrif is nie,

is sodanige persoon skuldig aan 'n misdryf en strafbaar, by skuldigbevinding, met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande, of met beide 'n boete en sodanige gevangenisstraf.".

**Invoeging van artikel 59A in Wet 84 van 1996**

**37.** Die volgende artikel word hierby na artikel 59 in die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, ingevoeg:

"**Geskilbeslegting**

**59A.** (1) Indien 'n geskil tussen die *Departementshoof* en 'n *beheerliggaam* ontstaan, moet die volgende prosedure gevolg word:

*(a)* Die partye moet alle pogings aanwend om die geskil informeel te besleg.

*(b)* Indien die partye nie in staat is om die geskil informeel te besleg soos in paragraaf *(a)* bedoel nie, moet die volgende stappe gedoen word:

(i) Die benadeelde party moet die ander party skriftelik kennis gee van die geskil; en

(ii) sodanige kennisgewing moet 'n beskrywing van die kwessies wat by die geskil betrokke is en 'n voorgestelde oplossing daarvan insluit.

*(c)* Indien die geskil nie binne 14 dae ná die uitreiking van die skriftelike kennisgewing beoog in paragraaf *(b)* besleg is nie, moet

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



nominate a representative within seven days, and those representatives must meet within 14 days after their nomination in order to resolve the dispute.

*(d)* If the parties cannot resolve the dispute as contemplated in paragraphs *(a)*, *(b)* and *(c)*, the *governing body* may appeal to the *Member of the Executive Council* against the decision that gave rise to the dispute.

*(e)* If an appeal contemplated in paragraph *(d)* has been received, the *Member of the Executive Council* must, within 30 days after receiving such appeal, consider and decide on the matter and, in writing, inform the *governing body* of the outcome of the appeal.

(2) If a dispute arises between the *Member of the Executive Council* and a *governing body*, the following procedure must be followed:

*(a)* All attempts must be made by the parties to resolve the dispute informally.

*(b)* If the parties are unable to resolve the dispute informally as referred to in paragraph *(a)*, the following steps must be taken:

(i) The aggrieved party must give the other party written notice of the dispute; and

(ii) such notice must include a description of the issues involved in the dispute and a proposed resolution thereof.

*(c)* If the dispute has not been resolved within 14 days after the issuing of the written notice contemplated in paragraph *(b)*, each party must nominate a representative within seven days, and those representatives must meet within 14 days after their nomination in order to resolve the dispute.

(3) This section does not apply to matters in respect of which *this Act* makes provision for an appeal process.''.

**Amendment of section 60 of Act 84 of 1996, as amended by section 14 of Act 48 of 1999, section 12 of Act 31 of 2007 and section 14 of Act 15 of 2011**

**38.** Section 60 of the South African Schools Act, 1996, is hereby amended by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

''(4) Despite the provisions of subsection (1), the State is not liable for any damage or loss caused—

*(a)* as a result of any act or omission in connection with any enterprise or business operated under the authority of a *public school* for purposes of supplementing the resources of the *school* as contemplated in section 36, including the offering of practical educational activities relating to that enterprise or business; or

*(b)* if the provisions of section 36(2) have not been complied with.''.

**Amendment of section 61 of Act 84 of 1996, as amended by section 5 of Act 53 of 2000 and section 9 of Act 50 of 2002**

**39.** Section 61 of the South African Schools Act, 1996, is hereby amended—

*(a)* by the insertion after paragraph *(a)* of the following paragraphs:

''*(a*A*)* on the management of *learner* pregnancy;

*(a*B*)* on the admission of *learners* to *public schools*;

*(a*C*)* on the prohibition of the payment of unauthorised remuneration or the giving of *other financial benefits*, or *benefits in kind* to certain employees;

*(a*D*)* on the minimum norms and standards for provincial educator development institutes and district educator development centres;

*(a*E*)* on the organisation, roles and responsibilities of *education districts*;

*(a*F*)* on a national education information system;''; and

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



elke party binne sewe dae 'n verteenwoordiger benoem, en daardie verteenwoordigers moet binne 14 dae ná hul benoeming vergader ten einde die geskil te besleg.

*(d)* Indien die partye nie die geskil kan besleg soos beoog in paragrawe *(a)*, *(b)* en *(c)*, nie kan die *beheerliggaam* by die *Lid van die Uitvoerende Raad* appelleer teen die besluit wat tot die geskil aanleiding gegee het.

*(e)* Indien 'n appèl beoog in paragraaf *(d)* ontvang is, moet die *Lid van die Uitvoerende Raad*, binne 30 dae ná ontvangs van sodanige appèl, die aangeleentheid oorweeg en daaroor besluit en die *beheerliggaam* skriftelik van die uitslag van die appèl in kennis stel.

(2) Indien 'n geskil tussen die *Lid van die Uitvoerende Raad* en 'n *beheerliggaam* ontstaan, moet die volgende prosedure gevolg word:

*(a)* Alle pogings moet deur die partye aangewend word om die geskil informeel te besleg.

*(b)* Indien die partye nie in staat is om die geskil informeel te besleg soos in paragraaf *(a)* bedoel nie, moet die volgende stappe geneem word:

(i) Die benadeelde party moet die ander party skriftelik kennis gee van die dispuut; en

(ii) sodanige kennisgewing moet 'n beskrywing van die kwessies wat by die dispuut betrokke is en 'n voorgestelde oplossing daarvan insluit.

*(c)* Indien die dispuut nie binne 14 dae ná die uitreiking van die skriftelike kennisgewing beoog in paragraaf *(b)* opgelos is nie, moet elke party 'n verteenwoordiger binne sewe dae benoem, en daardie verteenwoordigers moet binne 14 dae ná hul benoeming vergader ten einde die dispuut op te los.

(3) Hierdie artikel is nie van toepassing op aangeleenthede ten opsigte waarvan *hierdie Wet* voorsiening maak vir 'n appèlproses nie.''.

**Wysiging van artikel 60 van Wet 84 van 1996, soos gewysig deur artikel 14 van Wet 48 van 1999, artikel 12 van Wet 31 van 2007 en artikel 14 van Wet 15 van 2011**

**38.** Artikel 60 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, word hierby gewysig deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

''(4) Ondanks die bepalings van subartikel (1) is die Staat nie verantwoordelik vir enige skade of verlies as gevolg van—

*(a)* enige handeling of versuim in verband met enige onderneming of besigheid wat onder die beheer van 'n *openbare skool* bedryf word vir doeleindes van die aanvulling van die hulpbronne van die *skool* soos in artikel 36 beoog nie, met inbegrip van die aanbied van praktiese opvoedkundige aktiwiteite in verband met daardie onderneming of besigheid; of

*(b)* nie-voldoening aan die bepalings van artikel 36(2) nie.''.

**Wysiging van artikel 61 van Wet 84 van 1996, soos gewysig deur artikel 5 van Wet 53 van 2000 en artikel 9 van Wet 50 van 2002**

**39.** Artikel 61 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, word hierby gewysig—

*(a)* deur die volgende paragrawe na paragraaf *(a)* in te voeg:

''*(a*A*)* oor die bestuur van leerderswangerskap;

*(a*B*)* oor die toelating van *leerders* in *openbare skole*;

*(a*C*)* oor die verbod op die betaling van ongemagtigde besoldiging oor die gee van *ander finansiële voordele,* of *goederevoordeel* aan sekere werkgewers;

*(a*D*)* oor die minimum norme en standaarde vir provinsiale onderwyserontwikklingsinstellings en distrikonderwysontwikkelingsentrums;

*(a*E*)* oor die organisasie, rolle en verantwoordelikhede van *onderwysdistrikte*;

*(a*F*)* oor 'n nasionale onderwysinlingtingstelsel;''; en

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



*(b)* by the addition of the following subsections, the existing section becoming subsection (1):

"(2) The regulations contemplated in subsection (1) may provide that any person who contravenes a provision thereof or fails to comply therewith is guilty of an offence and liable, on conviction, to a fine or to imprisonment for a period not exceeding six months, or to both a fine and such imprisonment.

(3) Any regulation made under subsection (1)*(a*A*)* and *(a*B*)* must, before publication in the *Gazette*, be tabled in Parliament.".

**Amendment of the Preamble of Act 84 of 1996**

**40.** The Preamble of the South African Schools Act, 1996, is hereby amended by the substitution for the second paragraph of the following paragraph:

"WHEREAS this country requires a new national system for *schools* which will redress past injustices in educational provision, provide an education of progressively high quality for all *learners* and in so doing lay a strong foundation for the development of all our people's talents and capabilities, advance the democratic transformation of society, combat racism and sexism and all other forms of unfair discrimination and intolerance, contribute to the eradication of poverty and the economic well-being of society, facilitate the education of children through the promotion and protection of the right to *basic education*, protect and advance our diverse cultures and languages, uphold the rights of all *learners*, *parents* and *educators*, and promote their acceptance of responsibility for the organisation, governance and funding of *schools* in partnership with the State; and".

**Amendment of section 1 of Act 76 of 1998, as amended by section 6 of Act 53 of 2000, section 58 of Act 16 of 2006 and section 15 of Act 15 of 2011**

**41.** Section 1 of the Employment of Educators Act, 1998, is hereby amended—

*(a)* by the deletion of the definition of "adult basic education centre";

*(b)* by the substitution for the definition of "educator" of the following definition:

"**'educator'** means any person who teaches, educates or trains other persons or who provides professional educational services, including professional therapy and education psychological services, at any public school**[,]** or departmental office **[or adult basic education centre]** and who is appointed in a post on any educator establishment under this Act;"; and

*(c)* by the substitution for the definition of "provincial department of education" of the following definition:

"**'provincial department of education'** means a department responsible for education in a province and includes all public schools**[, further education and training institutions,]** and departmental offices **[and basic adult education centres]** in such province;".

**Amendment of section 5 of Act 76 of 1998**

**42.** Section 5 of the Employment of Educators Act, 1998, is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) The educator establishment of any public school**[, further education and training institution,]** or departmental office **[or adult basic education centre]** under the control of a provincial department of education shall, subject to the norms prescribed for the provisioning of posts, consist of the posts allocated to the said school**[, institution,]** or office **[or centre]** by the Head of Department from the educator establishment of that department.".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



*(b)* deur die volgende subartikels by te voeg, sodat die bestaande artikel subartikel (1) word:

"(2) Die regulasies in subartikel (1) beoog, kan bepaal dat enige persoon wat 'n bepaling daarvan oortree, of versuim om daaraan te voldoen, aan 'n misdryf skuldig is en by skuldigbevinding strafbaar is met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande, of met beide 'n boete en sodanige gevangenisstraf.

(3) Enige regulasie kragtens subartikel (1)(*a*A) en (*a*B) uitgereik, moet voor publikasie in die *Staatskoerant* in die Parlement ter tafel gelê word.".

**Wysiging van die Aanhef van Wet 84 van 1996**

**40.** Die Aanhef van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, word hierby gewysig deur die tweede paragraaf deur die volgende paragraaf te vervang:

"NADEMAAL hierdie land 'n behoefte het aan 'n nuwe nasionale stelsel vir *skole* wat die onregte in onderwysvoorsiening van die verlede sal regstel, onderwys van progressief hoë gehalte aan alle leerders sal voorsien en op hierdie wyse 'n hegte fondament vir die ontwikkeling van al ons mense se talente en bekwaamhede sal lê, die demokratiese transformasie van die gemeenskap sal bevorder, rassisme en seksisme en alle ander vorms van onregverdige diskriminasie en onverdraagsaamheid sal bekamp, tot die uitwissing van armoede en die ekonomiese welstand van die gemeenskap sal bydra, die onderrig van kinders te fasiliteer deur die bevordering en beskerming van die reg op *basiese onderwys*, ons verskeidenheid van kulture en tale sal beskerm en bevorder, die regte van alle leerders, *ouers* en opvoeders sal handhaaf, en hul aanvaarding van verantwoordelikheid vir die organisasie, beheer en finansiering van *skole* in vennootskap met die Staat sal bevorder; en".

**Wysiging van artikel 1 van Wet 76 van 1998, soos gewysig deur artikel 6 van Wet 53 van 2000, artikel 58 van Wet 16 van 2006 en artikel 15 van Wet 15 van 2011**

**41.** Artikel 1 van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998, word hierby gewysig—

*(a)* deur die omskrywing van "sentrum vir basiese onderwys vir volwassenes" te skrap;

*(b)* deur die omskrywing van "opvoeder" deur die volgende omskrywing te vervang:

"**'opvoeder'** 'n persoon wat ander persone leer, opvoed of oplei of wat professionele opvoedkundige dienste, met inbegrip van professionele terapie en onderwyssielkundige dienste, by 'n openbare skool**[, inrigting vir verdere onderwys en opleiding,]** of departementele kantoor **[of sentrum vir basiese onderwys vir volwassenes]** verskaf en wat aangestel is in 'n pos op 'n diensstaat van opvoeders kragtens hierdie Wet;"; en

*(c)* deur die omskrywing van "provinsiale departement van onderwys" deur die volgende omskrywing te vervang:

"**'provinsiale departement van onderwys'** departement verantwoordelik vir onderwys in 'n provinsie en sluit alle openbare skole**[, inrigtings vir verdere onderwys en opleiding,]** en departementele kantore **[en sentrums vir basiese onderwys vir volwassenes]** in daardie provinsie in;".

**Wysiging van artikel 5 van Wet 76 van 1998**

**42.** Artikel 5 van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998, word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Die diensstaat van opvoeders van 'n openbare skool**[, inrigting vir verdere onderwys en opleiding,]** of departementele kantoor **[of sentrum vir basiese onderwys vir volwassenes]** onder die beheer van 'n provinsiale departement van onderwys bestaan, behoudens die norme wat vir die voorsiening van poste voorgeskryf word, uit die poste wat deur die Departementshoof aan bedoelde skool**[, inrigting,]** of departementele kantoor **[of sentrum]** vanuit die diensstaat van opvoeders van daardie departement toegewys is.".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



**Amendment of section 7 of Act 76 of 1998**

**43.** Section 7 of the Employment of Educators Act, 1998, is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"(1) In the making of any appointment, **[or]** in any promotion, and in the filling of any post on any educator establishment under this Act, due regard shall be had to equality, equity and the other democratic values and principles which are contemplated in section 195(1) of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996 **[(Act No. 108 of 1996)]**, and which include the following factors**[, namely—]**:"; and

*(b)* by the substitution in subsection (2) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a)* in a permanent capacity or in a promotion post, whether on probation or not;".

**Amendment of section 8 of Act 76 of 1998, as amended by section 16 of Act 48 of 1999, section 11 of Act 50 of 2002, section 58 of Act 16 of 2006 and section 3 of Act 1 of 2004**

**44.** Section 8 of the Employment of Educators Act, 1998, is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) A recommendation contemplated in subsection (2) shall be made within two months from the date on which a governing body **[or council]** was requested to make a recommendation, failing which the Head of Department may make a transfer without such recommendation."; and

*(b)* by the substitution for subsection (7) of the following subsection:

"(7) Despite section 6(3)*(a)* and subsection (2), in the case of an educator who has been awarded a bursary by the employer to follow a course approved by the employer, the employer may transfer such an educator, with his or her consent, to any suitable post on the educator establishment of a public school **[or an adult education and training centre]**.".

**Amendment of section 9 of Act 76 of 1998**

**45.** Section 9 of the Employment of Educators Act, 1998, is hereby amended by the substitution in subsection (1) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a)* another Department of Basic Education, or another department;".

**Amendment of section 11 of Act 76 of 1998**

**46.** Section 11 of the Employment of Educators Act, 1998, is hereby amended by the substitution in subsection (1) for paragraphs *(b)* and *(c)* of the following paragraphs:

"*(b)* on account of the abolition of the educator's post or any reduction in, or reorganisation or readjustment of the post establishments of, departments, schools**[, institutions,]** or offices **[or centres]**;

*(c)* if, for reasons other than the educator's own unfitness or incapacity, the educator's discharge will promote efficiency or economy in the department, school**[, institution,]** or office **[or centre]** in which the educator is employed, or will otherwise be in the interest of the State;".

**Amendment of section 17 of Act 76 of 1998, as amended by section 10 of Act 53 of 2000**

**47.** Section 17 of the Employment of Educators Act, 1998, is hereby amended—

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



**Wysiging van artikel 7 van Wet 76 van 1998**

**43.** Artikel 7 van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998, word hierby gewysig—

*(a)* Deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"(1) By die doen van 'n aanstelling, **[of]** in enige bevordering, en in die vul van 'n pos op 'n diensstaat van opvoeders kragtens hierdie Wet, moet gelykheid, billikheid en die ander demokratiese waardes en beginsels wat in artikel 195(1) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 **[(Wet No. 108 van 1996)]**, beoog word en wat die volgende faktore insluit, behoorlik in ag geneem word**[, naamlik—]**:"; en

*(b)* deur in subartikel (2) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* in 'n permanente hoedanigheid of in 'n bevorderingspos, hetsy op proef al dan nie;".

**Wysiging van artikel 8 van Wet 76 van 1998, soos gewysig deur artikel 16 van Wet 48 van 1999, artikel 11 van Wet 50 van 2002, artikel 58 van Wet 16 van 2006 en artikel 3 van Wet 1 van 2004**

**44.** Artikel 8 van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998, word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

"(4) 'n Aanbeveling in subartikel (2) beoog, moet gedoen word binne twee maande vanaf die datum waarop 'n beheerliggaam **[of -raad]** versoek is om 'n aanbeveling te doen, en by gebreke daarvan kan die Departementshoof 'n verplasing doen sonder die aanbeveling."; en

*(b)* deur subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang:

"(7) Ondanks artikel 6(3)*(a)* en subartikel (2) kan die werkgewer, in die geval van 'n opvoeder aan wie 'n beurs deur die werkgewer toegeken is om 'n kursus te volg wat die werkgewer goedgekeur het, so 'n opvoeder, met die instemming van die opvoeder, verplaas na enige geskikte pos op die opvoederdiensstaat van 'n openbare skool**[, inrigting vir verdere onderwys en opleiding of sentrum vir basiese verdere onderwys en opleiding vir volwassenes]**.".

**Wysiging van artikel 9 van Wet 76 van 1998**

**45.** Artikel 9 van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998, word hierby gewysig deur in subartikel (1) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* 'n ander **[onderwysdepartement]** Departement van Basiese Onderwys, of 'n ander departement;".

**Wysiging van artikel 11 van Wet 76 van 1998**

**46.** Artikel 11 van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998, word hierby gewysig deur in subartikel (1) paragrawe *(b)* en *(c)* deur die volgende paragrawe te vervang:

"*(b)* weens die afskaffing van die opvoeder se pos of 'n vermindering of reorganisasie of herreëling van die diensstate van departemente, skole, **[inrigtings,]** of kantore **[of sentrums]**;

*(c)* indien, om ander redes as die opvoeder se eie ongeskiktheid of onvermoë, die opvoeder se ontslag doeltreffendheid of besuiniging sal bevorder in die departement, skool**[, inrigting,]** of kantoor **[of sentrum]** waarin die opvoeder in diens is, of andersins in belang van die Staat sal wees;".

**Wysiging van artikel 17 van Wet 76 van 1998, soos gewysig deur artikel 10 van Wet 53 van 2000**

**47.** Artikel 17 van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998, word hierby gewysig—

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



*(a)* by the deletion in subsection (1) of the word ''or'' at the end of paragraph *(e)*;
*(b)* by the insertion in subsection (1) of a semi-colon and the word ''or'' at the end of paragraph *(f)*; and
*(c)* by the addition to subsection (1) of the following paragraph:
''*(g)* committing any other act which, in any other law that applies to the educator in so far as his or her employment is concerned, is classified as serious misconduct.''.

**Amendment of section 18 of Act 76 of 1998, as amended by section 11 of Act 53 of 2000, and section 58 of Act 16 of 2006**

**48.** Section 18 of the Employment of Educators Act, 1998, is hereby amended—
*(a)* by the substitution in subsection (1) for paragraph *(b)* of the following paragraph:
''*(b)* wilfully or negligently mismanages the finances of the State**[,]** or a school **[or an adult learning centre]**;'';
*(b)* by the substitution in subsection (1) for paragraph *(c)* of the following paragraph:
''*(c)* without permission possesses or wrongfully uses the property of the State, a school, **[an adult learning centre,]** another employee or a visitor;'';
*(c)* by the substitution in subsection (1) for paragraph *(d)* of the following paragraph:
''*(d)* wilfully, intentionally or negligently damages or causes loss to the property of the State**[,]** or a school **[or an adult learning centre]**;'';
*(d)* by the substitution in subsection (1) for paragraph *(f)* of the following paragraph:
''*(f)* unjustifiably prejudices the administration, discipline or efficiency of the Department of Basic Education, a provincial department of education, an office of the State or a school **[or adult learning centre]**;''; and
*(e)* by the substitution in subsection (1) for paragraph *(g)* of the following paragraph:
''*(g)* misuses his or her position in the Department of Basic Education, a provincial department of education or a school **[or adult learning centre]** to promote or to prejudice the interests of any person;''.

**Insertion of section 19 in Act 76 of 1998**

**49.** The Employment of Educators Act, 1998, is hereby amended by the insertion after section 18 of the following section**:**

''**Conducting business with State**

**19.** (1) An educator may not—
*(a)* conduct business with the State; or
*(b)* be a director of a public or private company conducting business with the State.
(2) A contravention of subsection (1)—
*(a)* is an offence, and any person found guilty of such offence is liable, on conviction, to a fine or to imprisonment for a period not exceeding five years, or to both a fine and such imprisonment; and
*(b)* constitutes serious misconduct, and the employer must terminate the employment of any person who is alleged to have contravened the subsection and who, during a disciplinary process, is found guilty of such misconduct.''.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



*(a)* deur in subartikel (1) die woord "of" aan die einde van paragraaf *(e)* in te voeg;

*(b)* deur in subartikel (1) 'n kommapunt en die woord "of" aan die einde van paragraaf *(f)* in te voeg; en

*(c)* deur die volgende paragraaf by subartikel (1) te voeg:

"*(g)* die pleging van enigiets anders wat, in enige ander wet wat op die opvoeder van toepassing is vir sover dit sy of haar indiensneming betref, as ernstige wangedrag geklassifiseer word.".

**Wysiging van artikel 18 van Wet 76 van 1998, soos gewysig deur artikel 11 van Wet 53 van 2000, en artikel 58 van Wet 16 van 2006**

**48.** Artikel 18 van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998, word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1) paragraaf *(b)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(b)* die finansies van die Staat**[,]** of 'n skool, 'n inrigting vir verdere onderwys en opleiding **[of 'n sentrum vir onderwys vir volwassenes]** opsetlik of nalatig wanbestuur;";

*(b)* deur in subartikel (1) paragraaf *(c)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(c)* sonder toestemming die eiendom van die Staat, 'n skool, **['n inrigting vir verdere onderwys en opleiding, 'n sentrum vir onderwys vir volwassenes,]** 'n ander werknemer of 'n besoeker in besit neem of wederregtelik gebruik;";

*(c)* deur in subartikel (1) paragraaf *(d)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(d)* opsetlik, met voorbedagte rade of nalatig die eiendom van die Staat**[,]** of 'n skool, **['n inrigting vir verdere onderwys en opleiding of 'n sentrum vir onderwys vir volwassenes]** beskadig of skade berokken;";

*(d)* deur in subartikel (1) paragraaf *(f)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(f)* die administrasie, dissipline of doeltreffendheid van die Departement van Basiese Onderwys, 'n provinsiale departement van onderwys, 'n Staatskantoor**[,]** of 'n skool**[, 'n inrigting vir verdere onderwys en opleiding of 'n sentrum vir onderwys vir volwassenes ongeregverdig benadeel]**;"; en

*(e)* deur in subartikel (1) paragraaf *(g)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(g)* sy of haar posisie in die Departement van Basiese Onderwys, 'n provinsiale departement van onderwys of 'n skool**[, 'n inrigting vir verdere onderwys en opleiding of 'n sentrum vir onderwys vir volwassenes]** misbruik ten einde die belange van enige persoon te bevorder of te benadeel;".

**Invoeging van artikel 19 in Wet 76 van 1998**

**49.** Die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998, word hierby gewysig deur die volgende artikel na artikel 18 in te voeg:

"**Doen van sake met staat**

**19.** (1) 'n Opvoeder mag nie—

*(a)* sake met die Staat doen nie; of

*(b)* 'n direkteur wees van 'n openbare of private maatskappy wat met die Staat sake doen nie.

(2) 'n Oortreding van subartikel (1)—

*(a)* is 'n misdryf, en enige persoon wat aan sodanige misdryf skuldig bevind word, is, by skuldigbevinding, strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar, of met beide 'n boete en sodanige gevangenisstraf; en

*(b)* stel ernstige wangedrag daar, en die werkgewer moet die diens van enige persoon wat na bewering die subartikel oortree het en wat tydens 'n dissiplinêre proses aan sodanige wangedrag skuldig bevind word, beëindig.".

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



**Amendment of section 35 of Act 76 of 1998**

**50.** Section 35 of the Employment of Educators Act, 1998, is hereby amended by the insertion after paragraph *(c)* of the following paragraph:

"*(c*A*)* norms and standards for district staffing;".

**Repeal of section 38 of Act 76 of 1998**

**51.** Section 38 of the Employment of Educators Act, 1998, is hereby repealed.

**Amendment of Schedule 1 to Act 76 of 1998, as inserted by section 15 of Act 53 of 2000 and amended by section 12 of Act 50 of 2002**

**52.** Schedule 1 to the Employment of Educators Act, 1998, is hereby amended by the substitution in item 1(2) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a)* the extent to which the incapacity impacts on the work of the Department of Basic Education **[or]**, the provincial department of education, or the public school**[, public further education and training institution or public adult learning centre]**;".

**Amendment of Schedule 2 to Act 76 of 1998, as inserted by section 15 of Act 53 of 2000 and amended by sections 8 to 11 of Act 57 of 2001, section 13 of Act 50 of 2002 and section 6 of Act 1 of 2004**

**53.** Schedule 2 to the Employment of Educators Act, 1998, is hereby amended—

*(a)* by the substitution in item 3(3) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a)* the extent to which the misconduct impacts on the work of the Department of Basic Education, the **[or]** provincial department of education, or the public school**[, public further education and training institution or public adult learning centre]**;"; and

*(b)* by the substitution in item 9(5) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"(5) The Member of the Executive Council or the Minister, as the case may be, must, within 30 days after receiving the appeal, consider the appeal, and may—".

**Short title**

**54.** This Act is called the Basic Education Laws Amendment Act, 2024, and comes into operation on a date fixed by the President by proclamation in the *Gazette*.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



**Wysiging van artikel 35 van Wet 76 van 1998**

**50.** Artikel 35 van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998, word hierby gewysig deur die volgende paragraaf na paragraaf *(c)* in te voeg:

"*(c*A*)* norme en standaarde vir distrikspersoneelvoorsiening;".

**Herroeping van artikel 38 van Wet 76 van 1998**

**51.** Artikel 38 van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998, word hierby herroep.

**Wysiging van Bylae 1 by Wet 76 van 1998, soos ingevoeg deur artikel 15 van Wet 53 van 2000 en gewysig deur artikel 12 van Wet 50 van 2002**

**52.** Bylae 1 by die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998, word hierby gewysig deur in item 1(2) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* die mate waarin die onbekwaamheid die werk van die Departement van Basiese Onderwys **[of]**, die provinsiale departement van onderwys, of die openbare skool**[, openbare inrigting vir verdere onderwys en opleiding of die openbare sentrum vir onderwys vir volwassenes]** beïnvloed;".

**Wysiging van Bylae 2 by Wet 76 van 1998, soos ingevoeg deur artikel 15 van Wet 53 van 2000 en gewysig deur artikels 8 tot 11 van Wet 57 van 2001, artikel 13 van Wet 50 van 2002 en artikel 6 van Wet 1 van 2004**

**53.** Bylae 2 by die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998, word hierby gewysig—

*(a)* deur in item 3(3) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* die mate waarin die wangedrag 'n invloed uitoefen op die werk van die Departement van Basiese Onderwys **[of 'n]**, die provinsiale departement van onderwys, of die openbare skool**[, openbare inrigting vir verdere onderwys en opleiding of die openbare sentrum vir onderwys vir volwassenes]**;"; en

*(b)* deur in item 9(5) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"(5) Die Lid van die Uitvoerende Raad of die Minister, na gelang van die geval, moet, binne 30 dae na ontvangs van die appèl, die appèl oorweeg en kan—".

**Kort titel**

**54.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Wette op Basiese Onderwys, 2024, en tree in werking op 'n datum deur die President by proklamasie in die *Staatskoerant* vasgestel.